

DEXTER

30 Augustus 2005

Kontakdexter@mailbox.co.za

Jou Eie Koerant

HK CHAOS

Bertus Kruger

“Chaoties en teleurstellend” is hoe talle studente die afgelope HK verkiesings beskryf. Hierdie ongelukkigheid kom nadat daar blykbaar met die hulp van grootskaalse korrupsie swart studente by sekere HK verkiesings bevoordeel is.

Studente is woedend nadat Afrikaanse inwoners van koshuise se stemreg “letterlik weggeeneem” is.

Op Groenkloof sê inwoners van Lilium dat stembriefies met slegs Afrikaanse stemme op uitgegooi is. Daar is blykbaar ook slegs stembriefies met vyf of meer swart name op aanvaar. Die koshuisouers wou ook nie toelaat dat enige student teenwoordig kon wees met die tel van die stembriefies nie.

Intussen het dit aan die lig gekom dat daar ook by Asterhof met die verkiesing van hul HK ingemeng is. Ook hier is geweier om stembriefies te tel as daar nie vir swart studente gestem is nie. By beide Lilium en Asterhof is daar nou swart studente as Huisvoorsitters aangewys.

Volgens 'n inwoner van Lilium sal niemand 'n probleem hê as 'n swart student op grond van meriete as primaria verkies word nie, maar gaan dit hier oor die feit dat daar blatant teen Afrikaanse studente gediskrimineer word. “Wat het nou skielik van gelyke geleenthede vir almal geword? Die Universiteit is vir 'n feit nie demokraties nie!”

Daar is ook by onder andere College, Klaradyn en Katjiepiering swart studente as voorsitters van HK's aangewys, maar is die verkiesings by hierdie koshuise as meer regverdig beskryf. Studente is tevrede met die verkiesings solank elkeen op meriete verkies is.

In 'n dokument wat onder die Dexter se oë gekom het, het 'n prominente ANC-leier op Tuks, Joe Heshu, na College verwys as “conquered”. Heshu het ook na koshuise soos Katjiepiering en Asterhof as “dealt with” verwys, en dui hy aan hoe 'n meerderheid koshuise nou onder sy en die ANC se beheer staan. Hy dui ook aan hoe daar beplan word om eerskomende jaar



“Afrikaans bly! De Beer gly!” Tukkies studente het onlangs teen die uitfassing van Afrikaans betoog. UP-bestuurslede wat vas geglo het dat nie meer as vyftig studente so ‘n optog sou ondersteun nie, was duidelik geskok toe honderde meer vir die optog opgedaag het. ‘n Memorandum met die studente se eise is aan die UP-bestuur oorhandig. Bestuurslede het egter onlangs geantwoord en gesê dat daar met die huidige stand van sake voortgegaan sal word. Lees meer op bl.3.

ook ander koshuise oor te neem. Hierdie dokument, saam met die Universiteit se hantering van die verkiesings, het studente oortuig dat daar met sekere verkiesings gekonkel is.

Volgens De Wet van Heerden is die UP-bestuur daarvoor bekend dat hulle die ANC so veel moontlik ter wille wil wees. “Hierdie is 'n duidelike voorbeeld van hoe die Universiteit teen Afrikaanse studente diskrimineer.”

Barend Uys van Solidariteit sê dit is duidelik dat die UP-bestuur hulle aan Afrikaanse studente se eise afvee, en voortgaan om eensydig 'n ondemokratiese bestel op almal af te dwing. “Al wat ons vra is dat die UP-bestuur meriete, eerlikheid en hoë akademiese standaarde voorop sal stel, en nie diskriminasie teen Afrikaans sprekende studente nie.” Die VSR is blykbaar besig om met die Universiteit oor die aangeleentheid te onderhandel.

Tuks wen landsweye sêrrie

'n Eerste het vir Tuks dames aangebreek toe Madelief koshuis die eerste plek by die pas afgelope Nasionale Serenade losgeslaan het. Hierdie kompetisie, waar die beses van die land dit uitswoeg, het Saterdagmiddag in Stellenbosch plaasgevind. Volgens 'n toeskouer was Madelief se opvoering vars en uniek. Dit is die eerste keer ooit dat 'n dameskoshuis van Tuks met die louere wegstap.

In die mans afdeling het Vividus van Tuks derde geëindig, met die Maties wat die eerste plek verower het. 'n Student wat die spanne gaan ondersteun het, sê dat Tuks nie 'n tree vir die ander hoef terug te gestaan het nie. “Jy kan sien almal het hard geoef, en hulle beste gedoen.”

Sekuriteit “val studente aan”

Bertus Kruger

'N Groep studente kon nie hul oë glo toe hulle onlangs deur kampussekuriteit vir meer as twee ure lank aangehou is nie. Daar is ook meer as R600 se skade aan hul eiendom aangerig. Studente van Die Verenigde Afrikaners op Tuks (Die VAT) is op Woensdag, 24 Augustus, na bewering wederregtelik deur kampussekuriteit aangehou. Die studente was besig om plakkaat op kennisgewingborde te plak toe sekuriteitswagte dit begin afskeur het. Joseph Steyn, voorsitter van Die VAT, het aan die sekuriteit verduidelik dat hul wel die vereiste toestemming het om die plakkaat te versprei, en dat die optrede van die Universiteit onwettig is. Dit het tot

gevolg gehad dat die studente vir meer as twee ure deur kampussekuriteit aangehou is.

“Ons is baie teleurgesteld in die eensydige optrede van die Universiteit,” sê Joseph. “Ons is ook studente wat toetse en eksamens moet skryf en kan dit nie bekostig om nog met sulke nietighede opgehou te word nie”. 'n Ander student het verklaar dat dit weereens bewys dat die Universiteit nie studente se vryheid van spraak erken nie.

Die R640 se skade wat die VAT gely het, word van die hoof van sekuriteit teruggeëis. Tot dusver het die Universiteit nog nie op die eis gereageer nie. Volgens Joseph word moontlike regstappe oorweeg.

Briewe

Sendingweek

In die Dexter van 26 Julie het ek die artikel genaamd “Het sendingweek nog 'n toekoms?” gelees. Ek het ook sendingweek bygewoon en ek moet erken dat ek skaamgekry het om te sien hoe ons Christelike geloof deur die Universiteit se optrede afgetakel word. Ons grondwet erken blykbaar 'n reg op godsdienstvryheid. As Christen bely ek dat my geloof nie gelyk gestel kan word aan 'n ander geloof nie, die Bybel waarsku ons juis daarteen. Nou is dit vir my baie teleurstellend om te sien dat selfs dolosgooiers meer regte as Christene in Suid-Afrika geniet. Ek kan net vra: “Waarom dink julle gaan dit so sleg met ons land?”

**NA MY
MENING..**

Waarheen Boerseun?

J de V

Dat daar 'n stryd om oorlewing woed vir die behoud van Afrikaans, tradisies en 'n eie volksidentiteit vir jong Afrikaners is deesdae al ou nuus. Almal is al bewus daarvan dat die studente in Pretoria besig is om te veg vir dit waarin hulle glo. Almal is al bewus daarvan dat studente veg teen die wat hulle vryheid bedreig. Tydens die laaste optog op Tuks was dit ook duidelik sigbaar dat daar heelwat studente is wat keelvol is om op getrap te word deur verraaiers wat Afrikaanse studente wil gebruik om hulle eie posisies te bevorder. Tog kom die vraag by mens op: Waar was die res van die lawaaimakers wat aande in plekke soos Maloney's deurbring en daar kliphard en trots Die Stem van Suid-Afrika sing? Waar is die studente wat kla oor hul vuil en haglike koshuise, die diskriminasie van UP-bestuur en die vertrapping van Afrikaans?

Om in 'n veilige omgewing stem dik te maak en jou sê te sê vir dit wat jy glo reg is, vat nie manmoed nie. Dit vereis soveel meer murg in jou pype om die wêreld in die oë te kyk en te sê jy is trots op wie jy is. 'n Stryd soos die een wat tans gestry word, word nie gewen deur agter te staan en te kyk hoe ander die vuilwerk namens jou moet doen nie!

Jou taalregte sal slegs beskerm word as jy self die een is wat bereid is om jou stem dik te maak. Om tussen meer as 'n duisend jongmense te stap en saam te stry vir Afrikaans was 'n groot voorreg. Daardie studente het 'n identiteit, hulle is Afrikaners, en niemand kan dit van hulle af wegvat nie. Nie eers Chris de Beer nie. Maar daar is ook ander studente wat nie saam stry nie. Hulle glo wel in Afrikaans, maar wil nie vir sy toekoms stry nie. Met verkiesings belof seker partye dat hulle vir Afrikaans stry, maar dan hoor jy nooit

weer van hulle nie. Dan het jy ook nog daarby 'n Afrikaners wat selfs saam met die ANC hul eie waardes en beginsels vernietig. Jy kan maar net jou kop oor so 'n persoon skud. Hy glo vas dat hy in die lewe sal vorder as hy so vinnig as moontlik so veel as moontlik Afrikaans en Afrikaner kultuur afbreek. Hoe kan mens vir so 'n persoon enige respek hê, as hy nie eers vir homselfrespek het nie?

Is dit nie juis ook die probleem van die moderne samelewing nie? Mans weet nie meer wat dit beteken om mans te wees nie. Ma en pa moet maar namens Boetman baklei want self beteken hy nie veel nie. Dit is makliker om so saam met die stroom van die ANC te vloei as om in die waarheid te glo.

Wat het geword van die dae toe ons seuns van 13 van die huis af weggeloop het om ook hul deel in die 2e Vryheidsoorlog van 1899 tot 1902 te doen? Wat het geword van die dae toe elke jong man op die grens teen die kommunisme van die ANC gaan veg het?

Elkeen van ons kan as hy regtig wil 'n verskil maak. Elkeen kan 'n keuse maak: Jy is 'n man van jou woord, of jy hardloop met geld en bewerasie as motivering agter die ANC aan.

Hierdie generasie het weer ware manne nodig wat veg vir dit waarin hulle glo en minder papbroeke wat agter ander wegkruip om namens hulle die stryd te stry. Hierdie generasie het weer manne nodig wat nie bang is om die korrupte regering van vandag aan te vat nie. Hierdie Generasie het weer WARE BOERSEUNS nodig!

Sarel Roets

Bogemelde is die skrywer se eie mening, en weerspieël nie noodwendig die standpunt van Dexter nie.

Hou musiekfees voor die skip!

Ek was een van die studente wat die Afrikaanse optog bygewoon het, en het dit vreeslik baie geniet. Ons het almal lekker gesing, en voor die skip se ingang was die klank en akoestiek net reg. Miskien moet ons meer vir die bestuur daar doer onder gaan sing, en sal hulle so dalk agterkom dat hier eintlik studente op kampus is vir wie hulle eintlik moet na omsien.

Willem de Jager

Alumni steun Dexter

Mnr. Willemse, u brief oor die verspreiding van die Dexter onder alumni van Tuks maak sin. Ons het al reeds ongeveer 70 alumni lede wat ook gereeld die Dexter ontvang, en is dit ook 'n gebied waar ons besig is om drasties uit te brei. Dankie vir u belangstelling en ondersteuning.

Die Redakteur

Hy sit die pot mis

Die debakel oor Voortrekker wat nou rassisties is lyk vir my al hoe meer na 'n geval van Mamelwa Sebei (van Pasma) wat die pot heeltemal missit, en nou is die hele Tukkieerf nat. Eintlik so 'n simpel storie van iemand wat hou van die aandag wat hy kry. (*Brief verkort-Redakteur*)

Quintin Campbell

Skryf vir die Dexter by kontakdexter@
mailbox.co.za

Bestuur aan studente:**“ONS WEIER!”****“Afrikaans sal ons bly!” ‘n Groep studente met die Afrikaanse optog.****Jan van Zyl**

Waar daar 'n week gelede nog hoop op 'n toekoms vir Afrikaans by Tuks was, is daar nou groot onsekerheid. Dit kom nadat die UP-bestuur dit duidelik gestel het dat hulle nie aan studente se griewe oor Afrikaans sal gehoor gee nie. Die Universiteit sal gevolglik voortgaan om Afrikaans op Tuks uit te faseer.

Hierdie nuus kom vir menige student as skokkend oor nadat 'n opspraakwekkende groot getal studente 'n optog vir Afrikaans na die Administrasiegebou bygewoon het. Die optog van 18 Augustus sal nog lank as 'n toonbeeld van die krag van Afrikaans op Tuks bekend staan. Dit sal ook onthou word hoe UP-bestuurslede skielik moes rondskarrel om die wye mediadekking van die optog te kon vryspring. Studente was merkbaar ongelukkig omdat iemand soos prof. Chris de Beer nie bereid was om na die studente te luister nie. “Dit wys net weer wat hy werklik vir Afrikaanse studente voel. Is hy dan skaam vir sy eie taal?” Studenteleiers wat die optog gereël het was verbaas-trots op die groot opkoms. Volgens Barend Uys van Solidariteit wys dit net weer hoe belangrik Afrikaans vir die deursnee student op

Tuks is. “Bestuur kan nou nie meer met die leuen rondloop dat net drie persent studente Afrikaans in hulle klasse wil hê nie.” Joseph Steyn van Die Vat sê dat die studente op Tuks vir die Wêreld gewys het dat Afrikaners saam kan staan as dit regtig saak maak. “Almal het gehelp om aan die UP-bestuur te wys dat hulle onlogiese optrede nie aanvaarbaar is nie.” Daar is tydens die optog verskeie volksliedjies gesing, en slagspreuke soos “De Beer: Voorslag of motorwag?” het oor die kampus heen weergalm.

Studente wat nog met die optog positief was, is nou radeloos oor die Universiteit se onvermoë om na studente se belange om te sien. Die leier van VF+, Jan-Hendrik Kay, sê dat die UP-bestuur se antwoord op die memorandum vir almal teleurstellend is. Jan-Hendrik voeg by dat die VF+ nie sal ophou om te stry vir Afrikaanse studente se belange nie. Die leier van die VSR, en lid van VF+, Cornelius Jansen van Rensburg, het aangedui dat daar reeds met die VSR voorsitters van ander Universiteite geskakel word. “Die beplanning is om so gou moontlik met die Minister van Onderwys oor die situasie te gaan praat.”

Taalfees op Tuks**Kobus Bezuidenhout**

Afrikaanse musiekgroepe, taaldebate, uitstallings en vele meer sal hierdie week in die Piazza te siene wees. Dit is die Afrikaans 80 jaar taalfees wat vanaf Dinsdag 30 Augustus tot Donderdag 1 September sal plaasvind.

Die fees word deur Die Verenigde Afrikaners op Tuks (die VAT) gereël. Vele verenigings en organisasies wat alreeds

baie vir Afrikaans en die Afrikanerkultuur beteken het, soos die Afrikaner Volkskulturbeweging (AVKB) en die Jacaranda Cantus Gilde sal daar wees. Die musiekgroep Roosterbrood gaan Dinsdag 30 Augustus optree, en daar word 'n debat met onder andere Dr. Dan Roodt as spreker vir Donderdag beplan. Studente word aangemoedig om 'n draai in die piazza te maak en hul bydrae tot die fees te lewer.

Dis amptelik: Die verkiesing gaan voort**Kobus Bezuidenhout**

Dit wil lyk of die VSR die eerste rondte gewen het. Dit is nou in die stryd tussen die VSR en UP-bestuur oor die voorgestelde wysiging van die VSR struktuur.

Volgens 'n woordvoerder van die VSR sal die verkiesing soos bekend in die verlede wel hierdie jaar nog voort gaan. Daar sal dus weer 'n verkiesing wees, en politieke partye sal weer aan die verkiesing kan deelneem. Daar sal egter nou ook vir die Mamelodi kampus en vir Fakulteite voorsiening gemaak moet word.

Volgens Cornelius Jansen van Rensburg, VSR leier en lid van VF+, word daar op die oomblik nog met bestuur oor die presiese vorm van die struktuur onderhandel, en is dit nou nog te vroeg om aan te dui hoe die stelsel daarvan gaan uitsien. “Ons sal steeds voortgaan om te poog dat studente 'n belang in hul eie sake mag hê.”

Studente meen die Universiteit het net tydelik toegegee omdat die tyd hulle ingehaal het. Dit is duidelik dat daar nie nou genoeg tyd oor is om die nuwe stelsel te vestig nie. Die Universiteit is blykbaar nog steeds van plan om politiek op kampus teen volgende jaar volledig uit te faseer. Vir die komende SR termyn sal politieke partye nog steeds 'n rol speel, en behoort die struktuur nie baie anders as die huidige stelsel te lyk nie.

'n Afkondiging oor die verkiesing vir 2005 word eersdaags verwag.

EcomWise (Pty) Ltd

Vir al jou nuwe hardeware behoeftes!

Kry dié intreevlak rekenaar -

AMD® Sempron® 2500+ 64-bit,
SoundBlaster luidsprekers,
geïntegreerde grafika, AGP 8x, 6 kanaal
klankkaart, 10/100 netwerkkaart,
Samsung 512MB geheue, Seagate 80GB
S-ATA hardeskyf, LG 15" monitor, LG 52X
CD-skrywer/16x DVD-dryf, Microsoft
Basic sleutelbord, Microsoft Basic
optiese muis, Microsoft Windows XP
Home Edition

- vir slegs

R4 200

Kontak ons nou vir 'n Kwotasie.

Skakel Kobus by 072 687 8097

PASMA SORG VIR HUMOR

Bertus Kruger

Die studente organisasie Pasma, wat veral daarvoor bekend is om asblikke om te gooi, het die afgelope week vir 'n tikkie humor gesorg toe hulle Huis Voortrekker van rassisme beskuldig het.

Studente sê hulle weet nie wat Pasma eintlik wil bereik nie, maar lyk dit of die organisasie voel dat hy lanklaas in die media was. "Wat dit so snaaks maak is dat Huis Voortrekker nog nooit enigiemand op grond van ras uitgesluit het nie, terwyl dit die einste Pasma was wat blanke studente vroeër vanjaar toegang tot kampusse wou weier." Pasma was ook vroeër in die nuus toe hierdie organisasie Afrikaanse meisies aangerand het, en met woorde soos "You don't belong here. This University is only for blacks!" toegesnou het.

Volgens Jan-Hendrik Kay van huis Voortrekker is dit juis ironies dat Pasma

wat bekend is vir sy Afrikanistiese rassisme die klag gelê het. Jan-Hendrik voer ook aan dat die beginsels van verskeidenheid en goed soos taalregte soos vervat in die Grondwet deur Pasma geïgnoreer word.

Pasma glo egter vas dat hul menseregte deur Huis Voortrekker aangetas word, en dat daar nie meer plek vir Afrikaanse groepe op kampus is nie. Volgens Pasma kan 'n plek soos Voortrekker nie toegelaat word nie, aangesien dit alles waarvoor Pasma voor geveg het nou "vernietig".

Daar is studente wat nou wil weet hoekom Pasma daarop mag aandring dat als slegs swart moet wees, maar Huis Voortrekker nie mag vra dat sy inwoners in 'n gereformeerde kerk moet wees nie.

Huis Voortrekker win tans advies in oor die moontlike indien van 'n klagte teen Pasma by die Kommissie vir die Bevordering van Regte van Taal-, Kultuur- en Godsdiensgemeenskappe.

Joop se stories...

Engels se voet!

Een ding wat ek nog nooit kon klein kry nie is hierdie neiging van sogenaamde Afrikaners om alles wat eie aan hulself is te wil vernietig. En dan boonop nog stert tussen die bene agter die ANC aan te hardloop. Soos 'n lammertjie wat nie van sy ma se moedersmelk hou nie, en dan aan 'n leeu gaan staan en suig. Hierdie proses van wees skaam vir jouself en jou taal en deel McDonalds aan ANC betogers uit kan ons selfs hier op Tuks sien. Die volgende staaltjie uit die pen van Buks Barnard van Ons Eie Tydskrif wys net hoe 'n aap so 'n n-prater van homself maak.

Krisjan hou by 'n vulstasie stil met sy rammelkas-bakkie, velskoene, flenterhoed en baard. Hy gee sy sleutel met die Vierkleur-sleutelhouer aan die pompjoggie en sê: "Goeie middag. Maak vol, asseblief."

Die pompjoggie beloer hom deur sy donkerbril: "How much?"

"Vol, asseblief."

"I only speak English."

Vir 'n oomblik is Krisjan uit die veld geslaan, maar dan glimlag hy breed: "English! No problem. Good day to you, Sir. I am presently experiencing a profound desire to replenish the propellant of my chariot. Therefore, I cordially request you to transfer from your subterranean reservoir a sufficient supply of combustible liquid of the highest octane to fill the appropriate container attached to the said means of perambulation to the brim."

"Hau?"

"Do you have a problem, Sir? I thought you said you spoke English?"

"Eish? English? That's not English!"

"Dear Sir! Are you veritably attempting to allude that you do not even recognise the language you allege to be your singular means of communication?"

"What?"

Let met try to elucidate the situation in the most elementary terms: Your paltry grasp of the English vernacular is frittering away the limited time at my disposal. Or as we would have phrased it in one of the most civilised and intelligible languages in the world: Dit is so duidelik soos daglig dat jy bokkerol van Ingels af weet en jy mors my tyd. Los nou jou gatkrui by die ANC, en doen jou werk! Verstaan jy nou beter?" "Ja-a-a. Ek dink ôk Afrikaans is maar beter..."

Jankejan

Die skrywer se mening weerspieël nie noodwendig die standpunt van Dexter nie.



Die Teologiese Fakulteite van die onderskeie Universiteite het die afgelope naweek in Pretoria bymekaar gekom om dit op die rugbyveld uit te swoeg. Spanne van die NG-, Gereformeerde- en AP Kerke het aan die byeenkoms wat jaarliks plaasvind deelgeneem. Beide die Rugby en Netbal afdelings is deur die AP-Kerk se spanne gewen.

DA verkies derde leier

Sarel Roets

Die DA op Tuks het onlangs vir die derde keer die afgelope 6 maande 'n nuwe leier verkies. MG Taute sal nou by Burger Botes oorneem, en behoort met die komende verkiesing in beheer van die DA se veldtog te wees. Die DA het die afgelope jaar

kwaai in getalle terug gesak, en daar was ook groot kritiek op die DA nadat die party nie die onlangse optog vir Afrikaans ondersteun het nie. Daar word onder DA ondersteuners gehoop dat Taute die gety sal kan omdraai. Alhoewel onbekend op kampus, het VSR lede die nuwe leier sterkte toegewens.